TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 7/3/2017 **Datum: 7 Sept 2017**

Uit die kantoor:

Toestand van geboue en terrein

Ek het al hieroor berig maar ter wille van duidelikheid heg ek 'n spesiale omsendskrywe aan sodat alle pa's en ma's opnuut ingelig is.

My rekord deur die jare is 'n bewys dat ek en die beheerliggaam baie moeite met die instandhouding en verbetering van ons geboue en terrein gedoen het en steeds doen. Dit is vir my belangrik dat ons kinders in 'n mooi omgewing onderrig word en dat die geriewe tops moet wees.

U kan gerus oplet na al die verbeteringe wat die afgelope tyd gedoen is. Dikwels met beperkte fondse en fyn beplanning.

Wat ons velde en grasperke betref, verduidelik ek breedvoerig in die omsend-skrywe. Nadat u die skrywe gelees het is u meer as welkom om my te kontak, sou u vrae hê of aanbevelings wil maak.

Lentedag

Baie dankie aan die leerlingraad en hulle ouers wat gesorg het vir 'n sprankeldag.

Godsdiensbeleid

Ouers lees gerus die aangepaste Godsdiensbeleid op die webwerf. Kommentaar is welkom.

BELANGRIKE DATUMS:

7 Sept: Behalwe vir hokkie en tennis wat nog ligaverpligtinge het staak die buitemuurs.

8 Sept: VCSV kamp. Sien die skrywe wat u kind ontvang het.

11 Sept: Dogters tennisliga.

13 Sept: Seuns tennisliga

14 Sept: Die Gr 4 – 7 leerlinge ontvang hulle toetswerk vir die laaste toetsweek.

Sien die aangehegte toetsweek-program

Hokkieliga

18 Sept: Sport- en kultuurfoto's word geneem. Maak seker dat u kind al sy sport-/kultuurklere inpak. Om dit makliker te maak mag hulle met hulle sport-/kultuurdrag en sweetpakke skool toe kom. Foto's word op bestelling gekoop en kos R25 per A5 foto.

19 Sept: Indien ons nie klaar kry met die foto's nie, word dit afgehandel. Ons sal die kinders inlig.

MIDDAGSTUDIE

Ons groet aan die einde van die maand vir me Chrisna Swanepoel wat vir 10 jaar as hooftoesighouer by die middagstudie betrokke was. Baie dankie vir u lojale diens en liefdevolle uitvoering van u taak. Ons beste wense vergesel u in u nuwe pos.

Skool- en Middagstudiegeld

Die Beheerliggaam het tydens ons kwartaallikse vergadering kennis geneem van ouers wie se gelde uitstaande is. Die nodige kennisgewing is reeds 'n tyd gelede uitgestuur en indien u nie hierop gereageer het nie het hulle geen keuse as om daadwerkik op te tree nie.

Hulle bedank opnuut alle ouers wat te midde van taai tye hulle skoolgelde getrou betaal. Dit stel ons instaat om ons finansiële verpligtinge na te kom en sodoende kwaliteit onderrig te verskaf.

PERSONEELSAKE

Juf Esbé Dippenaar, wat tans aflos in die plek van me Karen van Aardt wat medies ongeskik verklaar is, is permanent deur die BL aangestel.

Me Aldu Mould wat tans aflos in die plek van juf Leonie de Kock wat met kraamverlof is, sal ook van 1 Januarie aflos in die plek van juf Sariana v Vuuren (gr 3) wat met kraamverlof sal wees.

9 Sept: Me Chantal v Rensburg verjaar.

10 Sept: Me Leonie Corbett (Gr 5) verjaar. Sy is ook permanent deur die departement aangestel.

12 Sept: Me Charlene van Loggerenberg (Gr 2) verjaar.

TENNIS

Die juniors en beginners staak Donderdag 7 Sept. Die ligaspanne het egter wel nog volgende week oefening a.g.v. wedstryde.

VOORTREKKERS

Inligtingsbriewe vir alle Gr 3 Voortrekkers is uitgedeel. Inskrywings word self deur u as ouer gedoen.

RITMEGROEP

Die Ritmegroep word tydens die Hoërskool Sand du Plessis se Revuefees aangekondig as algehele wenners van die aand - ontvang trofee asook kontant bedrag.

Die groep ontvang ook 'n A++ (95%) by die Rivista kompetisie en beste item van die dag – voorwaar 'n trots vir Tjokkies!

SNUFFELS

Ideale studente voertuig te koop!

Goudkleurige 1.5 Honda Jazz – 144 000km
Model: 2007
Outomaties
Leersitplekke, elektroniese vensters, aircon, radio en vier nuwe bande.
Baie goeie toestand
Prys R62 000
Kontak Neels – 082 8214 615

Swemseisoen is hier!! Waterveiligheid en styl-afrigting. Kontak Jakkie by 084 2344 167

Vir verwydering van tuinvullis teen slegs R350, kontak Karel en sy span op 082 591 3075. Vriendelike en effektiewe diens.

Loodgieter/Plumber

Kontak Johan (**Skippie**) Scheepers, **083 524 8001** vir installasie en herstel van krane, gebarste pype, toilette, baddens, wasbakke, geysers, storte en rioollyne. Skippie verskaf gratis kwotasies. ***Service Solutions Loodgieters***

Eenslaapkamer woonstel te huur - loopafstand van Tjokkies. Veilige onderdakparkering beskikbaar, water en krag ingesluit. Kontak Hermien Scheepers 083 262 2003.

HOU SAAM KARNAVAL!!
Donderdagmiddag, 21 September na skool

Die kleuterskool kombineer vanjaar hul Sportdag en Karnaval en nooi almal uit om deel daarvan te wees. Dit beloof om 'n heerlike pret-dag vir die hele gesin te wees! (Dit vind op die Donderdagmiddag plaas omdat die Vrydag reeds die begin van die Langnaweek is en daar dalk ouers is wat die lang pad wil aandurf.)

Van die aktiwiteite is o.a:
Glybane, trapkarre, kermis-speletjies, volleyball, gesigverf, haarsprei, sokker en boeresport.
(Slegs die kleuters speel rugby, netbal en hokkie)

KOM KOOP JOU DEELNAME-KAARTJIE @ R30 van Maandag af by die Kleuterskool.

Deelname-kaartjies is vir kleuters sowel as laerskool leerders en sluit ***ONBEPERKTE DEELNAME*** aan al die Karnaval-aktiwiteite in.
Snoepie heel middag beskikbaar!

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

2017-09-07

Beste Tjokkie ouers

Insake ons velde en terrein:

Na aanleiding van navrae en kritiek oor die toestand van ons velde die volgende ter inligting:

- Die feit is dat ons sedert Augustus 2015 tot Desember 2016 (17 mde) onderhewig was aan waterbeperkings, en ons geen besproeiing kon doen nie.
- In Jan/Feb van 2017 het ons wel lekker reën gehad wat ‘n effense verligting gebring het, maar die feit dat die grond so uitgedroog was en daar nie opvolgreën was nie, kon die veld nie na behore herstel nie.
- Soos u self weet is ons steeds onderhewig aan die waterbeperkings.
- Behalwe die droogte is dit ook winter waartydens geen groei plaasvind nie en alhoewel ons twee keer per week uit ons boorgat besproei, sien ons nie enige verbeteringe nie.

Wat het die Beheerliggaam, waarvan ek deel is, en terreinkomitee gedoen?

1. Vir 2016 is ‘n bedrag van R60 000 begroot vir rehabilitasie van die veld en terrein sou dit begin reën, wat nie gebeur het nie. Die bedrag sou ook later blyk heeltemal onvoldoende te wees, maar was al wat ons begroting toegelaat het.
2. Twee boorgate teen koste van R45 000 is gesink waarvan een droog is en die ander een net 1800l/u lewer, te min om direk uit te besproei.
3. Gedurende die Desembervakansie van 2016/7 is daar ‘n dam en pompe teen ‘n baie hoë koste opgerig, wat deur ‘n ouer geskenk is en waarvoor ons baie dankbaar is.
4. Die “Love tree” is op aanbeveling van kundige persone verwyder omrede dit geweldig baie water uit die grond onttrek.
5. Tydens die somerreën het ons die ergste dele gerip (losgemaak) en 200m^2 grassooie geplant, wat ook goedgunstiglik deur ‘n ouer geskenk is.
6. Gedurende die tyd is ons hele besproeiingstelsel opgegradeer en meer spuitkoppe aangebring.
7. Ons het begin om die veld 2 twee keer per week gedurende die aande te besproei. Dis al waarvoor ons water het aangesien die boorgat min water lewer en die dam twee dae neem om weer vol te loop.
8. Twee weke voor die winter het ons op versoek en aanbeveling van ouers ‘n bolaag (top dressing) wat bestaan uit pleistersand en organiese kompos, ten bedrae van R23 000, gestrooi om die veld gelyk te maak en te voed. Vir ons is gesê dat dit die regte tyd is en dat ons daarby sal baat sodra die lentereëns kom.
9. Om ons veld te spaar van daaglikse voete-verkeer, het ons probeer reël dat die meeste van ons krieket-, rugby- en hokkiewedstryde wegwedstryde moet wees. Tydens skoolure en oefening kan ons egter nie veel hieraan doen nie.

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.fs.school.za | www.tjokkies.fs.school.za

10. Plaveisel is tussen die dam en rondom die netbalbane gelê om die area netjieser te laat lyk. Ons het ook ‘n gedeelte voor die netbalbane nuwe sooie gelê en tans probeer ons dit aan die lewe hou.

Hoekom lyk sommige skole se velde beter? Baie van hulle beskik oor sterk boorgate en sommige het nie streng by die waterbeperkings gehou nie. ‘n Skool soos Fichardtpark, was net soos ons erg geraak en daarom lyk hulle velde nie veel beter as ons s’n nie. Hulle het vyf droë gate geboor en is tans in die proses om hulle gryswater na ‘n dam te kanaliseer om sodoende besproeiingswater te hê. Hulle het ook twee velde wat baie help.

Wat Muddplein se veld betref, moet u onthou dat ons dit by die munisipaliteit leen en dat hulle dit enige tyd kan opeis. Dit sou dus onwys wees om te veel geld daar te spandeer. Hulle het ook self die watertoevoer afgesluit wat beteken ons besproei reeds vir twee jaar nie daar nie.

Ek het reeds in verskeie nuusbriewe hieroor berig en verskoning gevra, alhoewel dit buite ons bestuur se beheer is. Ek vertrou dat hierdie persoonlike skrywe meer lig op die saak werp en nooi enige ouer met positiewe voorstelle en hulp om met ons kontak te maak.

Tjokkiegroete

Michael Coomans
Nms die Beheerliggaam